

SUID-AFRIKAANSE KAPELANE IN 'N ERA VAN MILITÊRE KONFLIK, 1966-1989: ENKELE PERSOONLIKE ERVARINGS EN PERSPEKTIEWE

André Wessels¹ en Izette Bredenkamp²

Abstract

This article is based on oral history and it examines the personal reminiscences of military chaplains during the Namibian War of Independence (1966-1989), also known as the Border War or Bush War. The following aspects were investigated: can war, and the Namibian War of Independence in particular, be justified; what was the relations and the quality of co-operation between individuals and the different denominations within the South African Chaplain Service (SACHS); did chaplains further the policies of the National Party and, finally, were there any benefits coming forth from this military struggle? Interviews were conducted with both English and Afrikaans chaplains from all three branches of the South African Defence Force (SADF), as well as with members of the command structure of the SACHS. Evidence was found that most chaplains regarded their ministry as an ecclesiastical calling and that they made a difference to the spiritual welfare of the troops. It was also determined that personality, principles and culture influenced chaplaincy services. Most chaplains justified the war within the context of the Cold War, but the trauma they had to deal with, convinced them that war should always be a last resort.

1. INLEIDING

Geskiedenis vertolk die verlede, en vorm sodoende die geheue van 'n gemeenskap waardeur nie alleen die maatskaplike waardestelsels nie, maar ook die identiteit en kultuur van 'n samelewing vasgelê word. Die mees basiese vorm waarin belewenisse van die verlede oorgedra kan word, is die gesproke woord. Mondelinge geskiedenis³ is kompleks en veelkantig. Dit lê verskillende interpretasies van die verlede bloot, waarvan sommige selfs lynreg teenoor gedokumenteerde geskiedenis te staan mag kom. In die lig hiervan wil hierdie artikel⁴ aandag gee aan die persoonlike belewenisse en perspektiewe van mense wat gedurende die Namibiese Vryheidsoorlog (1966-1989) aan

¹ André Wessels, Senior Professor, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-pos: wesselsa.hum@ufs.ac.za

² Izette Bredenkamp, Navorsingsassistent, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-pos: bredenis.hum@ufs.ac.za

³ Mondelinge geskiedenis word in hierdie artikel geïnterpreteer as die sistematiese versameling, verwerking, bewaring en publisering van histories-belangrike persoonlike vertellings, menings en herinneringe deur deelnemers en ooggetuies van gebeure. Vergelyk MM Oelofse, *Remembering the truth: an oral history perspective on the victim hearings of the Truth and Reconciliation Commission of South Africa, 1996-1998* (ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2007), hoofstuk 1.

⁴ Hierdie artikel is die laaste van drie artikels in hierdie spesiale *Joernaal* wat die kapelaansbediening in die Suid-Afrikaanse Weermag belig.

die Suid-Afrikaanse Kapelaansdiens (SAKD) van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) verbonde was – om enersyds ’n beter begrip te kweek van die aard en omvang van die kapelaansbediening tydens hierdie periode, en om andersyds die kompleksiteit van die sosio-religieuse belewenisse van mense gedurende dié tydperk aan te toon.

Mondelinge geskiedenis bind mense aan hulle sosiale milieu, en die gesproke woord kan bydra tot ’n blootlê van sosio-historiese vormingskragte en die historiese verstaan van ’n bepaalde tydsgeewig of gebeure. In die multidimensionele Suid-Afrikaanse konteks kan mondelinge geskiedenis lei tot ’n beter begrip van die historiese kragte wat binne die bepaalde tydsgees van die Namibiese Vryheidsoorlog vasevang was, en van die uiteenlopende lewens- en wêreldbeskouings van hierdie militêre stryd. Mondelinge geskiedenis vervang geensins dokumentêre navorsingsmateriaal nie, maar die herinneringe van mense wat ’n situasie beleef het, is dikwels ’n unieke bron van historiese inligting wat ’n waardevolle bydrae tot ’n ryk, outentieke interpretasie van die verlede kan lewer. Waar formele geskiedenis gewoonlik uit doelbewus onpersoonlike, objektief-feitelike dokumente gegeneer word, bring mondelinge geskiedenis die menslike aspek van geskiedenis na vore deur nie alleen persoonlike belewenisse nie, maar ook verhoudinge en persepsies te verwoord. Mondelinge geskiedenis kan uiteraard nooit absoluut objektief wees nie. Dit word gefiltreer deur die verteller se lewens- en wêreldbeskouing, die sosialisering van daaropvolgende gebeure en die gepaardgaande veranderinge in persepsies, herinnering en tydsgees.⁵

Binne die konteks van die kompleksiteit van belewenisse tydens die Namibiese Vryheidsoorlog, word die persoonlike ervaring van kapelane – as mondelinge geskiedenis – in hierdie artikel ontleed aan die hand van onder meer die volgende vrae: Kan oorlog, spesifiek die Namibiese Vryheidsoorlog, en kapelane se betrokkenheid by oorlog geregverdig word? Wat was die aard van die samewerking tussen kerkgenootskappe en individue in die SAKD? Was kapelane lakeie van die Nasionale Party-beleid? Het daar enigiets goeds uit die oorlog na vore getree? Onderhoude is gevoer met kapelane uit beide Afrikaanse en Engelse kerkgenootskappe, wat as Dienspligkapelane of as Staandemagde gefunksioneer het, en ook die destydse bevelstruktuur van die SAKD verteenwoordig het. Die reponente, lt. (ds.- tans prof.) Rian Venter,⁶ lt. (ds.- tans prof.)

⁵ Oelofse, pp. 2-18, 21-32, 36-37, 57; S Caunce, *Oral history and the local historian* (Londen, 1994), pp. 6-26, 66-84, 214-219; J Tosh, *The pursuit of history aims, methods and new directions in the study of modern history* (2^{de} uitgawe, Londen, 1991), pp. 206-227. Vir meer inligting in verband met die etiek van mondelinge geskiedenis, sien ook E. Tonkin, *Narrating our pasts the social construction of oral history* (Cambridge, 1992), pp. 66-136; WW Moss, *Oral history program manual* (New York, 1974), pp. 6-18.

⁶ Lt. (ds.- tans prof.) R Venter het, na voltooiing van sy doktorsale eksamens, in 1984 vir militêre diensplig aangemeld. Na sy basiese opleiding is hy uitgeplaas na 101 Bataljon te Ondangwa, ’n opleidings- en operasionele eenheid wat hoofsaaklik uit Ovambo's bestaan het, waar hy tot einde 1985 gedien het.

Willem Boshoff,⁷ Lt. (ds.- tans dr.) Charles Mitchell⁸ en Lt. (ds.) Anton Meiring⁹ was almal by die SAKD betrokke as afgestudeerde teologiese studente van die Nederduits-Gereformeerde Kerk (NG Kerk), wat hulle dienspligtydperk (twee jaar) voltooi het. Staandemagkapelane uit die Engelse kerkgenootskappe wat as Metodisteleraars gedien het, was kapt. (SAV) (Rev.) Ralph Thornley as Vlootkapelaan,¹⁰ kol. (Rev.) Fred Celliers as Geneeskundige Dienskorpskapelaan,¹¹ kol. (Rev.) Don Williams as Lugmagkapelaan¹² en kol. (Rev.) Derick Smit as Leërkapelaan.¹³ Kol. (ds.- tans dr.) Gideon van der Watt¹⁴ en genl.-maj. (ds.) Pierre Jordaan¹⁵ was as Staandemagkapelane van die NG

⁷ Lt. (ds.- tans prof.) WS Boshoff het na voltooiing van sy studies in 1985 vir militêre diensplig aangemeld. Na sy basiese opleiding is hy na 101 Bataljon te Ondangwa uitgeplaas. Sy gesin het hom vergesel. Daar was tydens sy dienspligtydperk geen Staandemagkapelaan te Ondangwa gestasionêre nie. Sy verdere betrokkenheid by die SAW behels 'n maandlange kamp gedurende 1987 en 'n gedenkdiens in 1988.

⁸ Lt. (ds.- tans dr.) C Mitchell het, na voltooiing van sy doktorale eksamens, in 1984 aangemeld vir militêre diensplig. Aangesien hy gedurende sy tweede jaar van diensplig as skakelpersoon tussen die SAW en die destydse Bybelkor te Wellington betrokke was by die skryf van Christelike lektuur vir die SAW, het hy twee grensdienskampe tydens sy eerste jaar voltooi: eers by 101 Bataljon te Ondangwa en daarna by 201 Bataljon te Omega.

⁹ Lt. (ds.) A Meiring is in 1985 geëligtimeer en het in 1986 vir militêre diensplig aangemeld. Aan die einde van sy eerste jaar doen hy vir vier maande lank grensdiens, waarna hy sy tweede jaar by die Potchefstroom-basis deurbring. Hy doen ook ongeveer tien opvolgkampe.

¹⁰ Kapt. (SAV) (Rev.) R Thornley het sy Burgermagopleiding van nege maande in 1963 voltooi en daarna vir 14 jaar as vlootinstrukteur diens gedoen, voordat hy bedank het om hom as Metodisteleraar te bekwaam. In 1984 is hy as Staandemagkapelaan by die Militêre Akademie te Saldanhabaai aangestel. Na 'n jaar is hy op eie versoek na SAS Saldanha oorgeplaas, met bedieningsverpligtinge by die Akademie en die Lugmagbasis Langebaanweg. In 1992 verskuif sy bediening na Simonstad, waar hy in 2003 aftree.

¹¹ Kol. (Rev.) F Celliers het sy diensplig in 1974 as infanteriesoldaat by 3SA Infanteriebataljon, Potchefstroom, voltooi en deelgeneem aan die eerste oorgrensoperasies in Angola. Vanaf 1979 dien hy as Metodiste Burgermagkapelaan en in 1982 is hy as Staandemagkapelaan te Voorrekkerhoogte aangestel. In 1984 word hy Geneeskundige Dienskorpskapelaan by 1 Militêre Hospitaal en in 1989 is hy oorgeplaas na die Departement Korrektiewe Dienste.

¹² Kol. (Rev.) DM Williams het sy nege maande diensplig in 1965 te Oudtshoorn voltooi. Daar was nie 'n kapelaan beskikbaar nie en dit het hom geïnspireer om homself as Metodisteleraar te bekwaam en in 1979 diens te aanvaar as Staandemagkapelaan in die Lugmag te Pretoria. Sy eerste operasionele diensperiode was in Zimbabwe. Gedurende die volgende 11 jaar moes hy gereeld vir tydperke van drie tot ses weke grensdiens doen en het hy hom dikwels saam met die troepe in militêre operasies bevind, o.m. ook tydens Spesialismag (Recce)-operasies.

¹³ Kol. (Rev.) DA Smit was vir 17 jaar lank verbonde aan die SAKD, vanaf Desember 1982 tot en met sy aftrede in Desember 1999. Hy was te Bloemfontein Eenheidskapelaan by 1SA Infanteriebataljon, Kommandement OVS vir ses jaar, en daarna Eenheidskapelaan van Kommandement OVS HK Eenheid vir vyf jaar. Die laaste ses jaar van sy bediening dien hy as Eenheidskapelaan te Kommandement Natal HK Eenheid, Durban.

¹⁴ Kol. (ds.- tans dr.) G van der Watt het, na legitimering, in 1981 vir militêre diensplig aangemeld. Na sy basiese opleiding is hy uitgeplaas na Okahandja, 'n multi-etniese en -kulturele opleidingsbasis van die Namibiese Gebiedsmag. As Dienspligkapelaan en enigste leraar is hy ook na die plaaslike bruin gemeente Veddersdal gesekondeer. Na sowat ses maande aanvaar hy 'n beroep as Staandemagkapelaan na die weermagbasis te Bethlehem, waar hy vir vier jaar dien tot met sy bedanking uit die SAW. As Staandemagkapelaan besoek hy ook grensbasisse in die Caprivistroom en te Ondangwa.

¹⁵ Genl.-maj. (ds.) RP Jordaan het in 1972 'n beroep as Staandemagkapelaan in die Lugmag aanvaar. In 1976 is hy aangestel as Eenheidskapelaan by 5SA Infanteriebataljon te Ladysmith en dien hy ook as Kommandementskapelaan, verantwoordelik vir alle kapelaansadministrasie in die destydse Natal. In 1980 word hy Kommandementskapelaan vir die groter Noord-Transvaal. In 1982 word hy Direkteur Kapelaansdiens by die Leërhoofkwartier in Pretoria en neem hy verantwoordelikheid vir die plasing van kapelane aan die grens. In 1986 word hy Direkteur Bediening en vanaf 1990 dien hy as Kapelaan-Generaal tot met sy aftrede in 1994.

Kerk betrokke, terwyl genl.-maj. (ds.) Jordaan ook deel was van die bevelstruktuur van die SAKD en sedert 1990 as Kapelaan-Generaal gedien het.¹⁶

Hoewel die breër raamwerk vir al die respondente dieselfde was, het elkeen sy bediening uiteraard op 'n unieke wyse beleef, en is elkeen se inligting gegrond op sy persoonlike belewenisse en perspektiewe. In die artikel word van onderafdelings gebruik gemaak in die strukturering van hierdie belewenisse, maar die intervervlegtheid en kompleksiteit daarvan maak dit moeilik om waterdigte skeidings daar te stel. Tog is dit juis hierdie diversiteit in nuanses wat uiteindelik tot 'n beter begrip van die militêre kapelaansbediening tydens die Namibiese Vryheidsoorlog kan lei.

2. DIE MILITÊRE KAPELAANSBEDIENING

Oor die anomalie of kapelane (as geestelikes wat vrede en versoening predik) binne 'n militêre opset (wat in oorlogstyd met verminking en dood geassosieer word) kan en mag funksioneer, is al baie gedebatteer. Vanuit 'n historiese perspektief het Christelike samelewings deur die eeue heen die kapelaansbediening binne militêre strukture as 'n onvervangbare noodsaaklikheid beskou.¹⁷ Binne hierdie historiese konteks het Suid-Afrika, 'n land met 'n oorwegend Christelike karakter, in 1966 oor 'n kapelaansbediening binne die SAW beskik en al die respondente het die kapelaansbediening en die reg van soldate tot geestelike versorging, ook aan die oorlogsfront, as 'n gegewe aanvaar. Ds. Jordaan stel dit duidelik dat, indien die SAKD nie betrokke was by die Namibiese Vryheidsoorlog nie, hulle die lidmate van die onderskeie kerkgenootskappe in die steek sou gelaat het en voor die Here daarvoor rekenskap sou moes gee; die kerk mag nooit sy lidmate onbearbeid in oorlogsomstandighede laat nie.¹⁸

In die moderne militêre opset word die rol en taak van die kapelaan omskryf as een van geestelike bearbeiding en pastorale begeleiding, en word slegs ten opsigte van die werksomgewing en die gepaardgaande logistieke bedieningsvereistes tussen 'n kapelaan en 'n gemeentelike leraar onderskei.¹⁹ Hierdie taakomskrywing is deur al die respondente onderskryf. Hulle was dit eens dat die kapelaan in die eerste plek

¹⁶ In die teks word voortaan van die respondente se huidige, burgerlike titels, en nie van militêre titels nie, gebruik gemaak.

¹⁷ Selfs lande soos Frankryk en Duitsland, waar historiese verwickelinge sosio-religieuse en militêre kwessies radikaal beïnvloed het, beskik oor 'n kapelaansdiens binne weermagopset; en in Switserland, waar 'n Aktiewe Burgermag die hoofkomponent van die weermag vorm, word kapelane saam met dienspligtiges opgeroep tydens militêre oefeninge. JF Potgieter, *Die militêre kapelaan die ontstaan en ontwikkeling van die amp, taak en organisasie van militêre kapelane in die geskiedenis van die Christelike kerk, met besondere verwysing na Suid-Afrika* (ongepubliseerde D.Div.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1971), pp. 284-288, 291-295, 306.

¹⁸ Onderhoud: I Bredenkamp-*RP* Jordaan, 3 Junie 2008 (telefonies).

¹⁹ Vergelyk onder meer Potgieter, pp. 356-357; CL Abercrombie III, *The military chaplain* (Londen, 1977), pp. 16-17; C Steenkamp, *Kapelaansbediening aan sportlui in die Suid-Afrikaanse Weermag* (ongepubliseerde M.Th.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1992), pp. 88-90; G Latham, "Christianity in the Army" in *Paratus* 24(1), Januarie 1972, pp. 30-31.

'n roeping as leraar gehad het, en in die tweede plek as soldaat en offisier moes optree.²⁰ Rev. Smit verwoord dit soos volg: "Not only does the chaplain represent a sense of compassion to the members, but the chaplain also represents God in an environment where godliness isn't a first priority."²¹

In retrospeksie het al die respondente getuig dat die SAKD, as kapelaanstruktuur van die SAW, ruimte geskep het vir Woordbediening en pastorale begeleiding, sonder rigiede voorskrifte of moniteringsprogramme deur die bevelstrukture. Tydens grensdiens, waar die bediening interdenominaal en kapelane dikwels op hulself aangewese was, was hierdie vryheid selfs meer sigbaar. In die woorde van dr. Van der Watt: "Ek het gedoen wat ek wil [...] ek het nooit gevoel iemand loer oor my skouer nie."²² Rev. Thornley wys daarop dat hulle oor enige onderwerp van hul keuse kon preek, mits die onderwerp nie polities van aard was nie: "Support of the Captain gave chaplains free rein in the unit and we were able to get on with our work as we saw fit."²³ Hierdie vryheid van bediening word bewys deur die mate waarin kapelane die inligtingstukke en bedieningsliteratuur wat die SAKD deurgestuur het, aangepas het by die situasie en gehoor, of selfs geïgnoreer het. Rev. Thornley verduidelik: "The difficulty was that the gentlemen sitting in Pretoria knew little of what was happening on the ground and in most cases their programmes proved to be impractical or irrelevant and [were] ignored."²⁴ Dr. Van der Watt moes, tydens sy grensdiens te Okahandja, sommige lesings selfs wy aan die begeleiding van troepe rondom badkamer- en toiletgebruik. Hy stel dit ook duidelik dat hy geweier het om die voorgeskrewe lesings te gebruik: "Ek het maar gewoon boodskappe uit die Skrif gebring en oor goeters gepraat soos: wat leierskap is, hoe hanteer jy stres."²⁵ Dit het egter nie 'n totale afwesigheid van die gesagsbestel geïmpliseer nie, soos Rev. Smit aantoon: "The freedom to think independently was a given. In training bases chaplains could preach to and teach the members of their own denominations in Church Services and Church Periods whatever fell in the ambit of their denomination's doctrine and teaching. But the authorities displayed their disapproval when chaplains taught, or said something in the Chaplain's Periods, that were contrary to military doctrines or traditions."²⁶

²⁰ Hiermee lewer hulle ook bewys dat die ingesteldheid van individuele kapelane strook met die verklaring wat kapelane van die SAKD op 21 November 1985 afgelê het, naamlik dat hulle verbind is om God bo alles te dien. Hierdie verklaring het gevolg na ernstige besware vanuit die geleedere van die Engelse kerkgenootskappe teen die assosiasie tussen die kapelaansbediening en die SAW. Vir 'n uiteensetting van die omstandighede, sien A Wessels en I Bredenkamp, "Military chaplaincy in the South African Defence Force during the Namibian War of Independence, 1966-1989", pp. 340-343, *supra*.

²¹ DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos).

²² Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008.

²³ Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; R Thornley–I Bredenkamp, 13 Junie 2008 (e-pos).

²⁴ Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; R Thornley–I Bredenkamp, 13 Junie 2008 (e-pos).

²⁵ Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008.

²⁶ DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos).

Al die respondente het aangetoon dat bevelvoerders 'n belangrike rol in die kapelaansbediening gespeel het; in die woorde van dr. Mitchell: "As jy by 'n goeie bevelvoerder geland het, het jy natuurlik geweldig baie vermag."²⁷ Rev. Thornley se getuienis is deur die meeste respondente onderskryf: "I had a wonderful commanding officer who assisted me in everyway he could."²⁸ Tog was hulle ook bewus van kollegas wat probleme ondervind het as gevolg van die negatiewe ingesteldheid van 'n bevelvoerder.

Al die respondente was nie noodwendig gemaklik met die militêre raamwerk waarbinne hulle gewerk het nie. Dr. Van der Watt het tydens sy bediening as Staandemagkapelaan 'n toenemende vervreemding van die militêre strukture en gebruike beleef. Die taalgebruik was vir hom tekenend van die sisteem; 'n chauvinistiese mannewêreld wat gedefinieer het hoe manne praat, dink en handel.²⁹

Tydens normale grensdienstydperke was kapelane meestal tot die kampe beperk. Slegs by uitsondering het hulle patrollies vergesel. Dr. Mitchell is van mening dat die troepe verkies het dat kapelane nie regtig deel van hulle word nie, want "daar was 'n emosionele grens wat die ouens nie wou gehad het jy moes oorsteek nie. Hulle het jou gesien as 'n geestelike werker, maar dan moes jy ook jou plek geken het."³⁰ Beide hy en prof. Venter meld dat daar 'n mate van bygelowigheid onder die troepe geheers het oor die saamneem van kapelane tydens patrollies.³¹ Prof. Boshoff, wat vir bykans 20 maande by Ondangwa gestasioneer was, was by die Suidwes-Afrika Gebiedsmag ingedeel en het tydens meer omvangryke ontplooiings die Reaksie Magspanne (Romeo Mike-spanne of RM's)³² vergesel. Hoewel gewapen, was hy nooit by gevegte betrokke nie. Hy het ook ervaar dat baie van die leierskorps hom eers ná so 'n ontplooiing as kapelaan sou ag en by sy kantoor sou inloop vir 'n gesprek, geestelik of andersinds.³³

Die meeste kapelane het ondervind dat hulle bediening nou gekoppel was aan die mate waarin hulle deur die offisiere en die troepe aanvaar is. Dr. Mitchell het nooit gevoel dat die uniform afstand gebring het in die kapelaansbediening nie, maar wel dat die luitenant-rangteken grense tussen mense opgerig het.³⁴ Ook Rev. Thornley en prof. Boshoff spreek hulle sterk uit teen die kapelane se rangstruktuur. Prof. Boshoff het ondervind dat sommige in die SAKD baie rangbewus was. Hyself is gewoonlik as "Doom" of "Dominee" aangespreek. Wanneer sy rang gebruik is,

²⁷ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

²⁸ Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; R Thornley–I Bredenkamp, 13 Junie 2008 (e-pos).

²⁹ Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008.

³⁰ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

³¹ *Ibid.*; Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–R Venter, 6 Mei 2008.

³² Die RM's was, met die uitsondering van enkele dienspligtige junior leiers, professionele soldate wat nou betrokke was by hakkejagoperasies. WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos).

³³ WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos).

³⁴ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

was dit gewoonlik 'n aanduiding van probleme.³⁵ Daarteenoor is di. Jordaan en Meiring van mening dat die rang deure geopen het wanneer met offisiere wat nie medegelowiges was nie, in gesprek getree moes word.³⁶

Dr. Mitchell meld dat jy met jou aankoms aan die grens redelik vinnig deur die offisiere aanvaar is, maar eers die troepe se vertrouwe moes wen voordat jou bediening enige effek gehad het.³⁷ So verhaal ds. Meiring dat hy aanvanklik heelwat argwaan ervaar het omdat hy by sy aankoms aan die grens 'n tent met 'n senior bevelvoerende offisier gedeel het. Eers nadat hy bereid was om te leer perdry en tydens 'n kerkparade dit duidelik gestel het dat hy deel van die eenheid was, was sy bediening suksesvol. Hy vertel ook hoedat sy taak om die kantien om 21:00 te sluit daartoe aanleiding gegee het dat die troepe al die drank voor 21:00 opgekoop het, en hulself dan te buite gegaan het. Gesindhede het verander toe hy voorgestel het dat die kantien nooit sluit nie en hy saam met die troepe 'n koeldrank daar gedrink het.³⁸ Rev. Thornley meld dat sy vlootinstrukteurservaring en die feit dat die seemanne hom in hierdie hoedanigheid ervaar het, sy bediening vergemaklik het.³⁹ Ook Rev. Williams, wat saam met die troepe geoefen het, het gevind dat dit 'n oop kanaal tydens sy bediening geskep het. Hy het sy besoeke per fiets of met sy hardloopskoene aan afgelê. Hy verhaal dat, hoewel hy nooit alkohol gebruik het nie, hy saam met troepe in die kantien gekuier en deel geword het van hulle gesprekke.⁴⁰ Om saam met die troepe ervarings te deel, het voordele na twee kante gehad. Rev. Celliers getuig dat sy betrokkenheid by oorgrensoperasies sy kapelaansbediening baie ruimer en oper gemaak het. Hy was bekend met die omstandighede van die troepe en het verstaan dat hulle onder sodanige omstandighede iemand nodig gehad het om mee te praat.⁴¹

As Staandemagkapelane het Rev. Williams, Rev. Celliers en ds. Jordaan dikwels oorgrensgevegsoperasies vergesel. Uit persoonlike oortuiging was die Metodisteleraars nie gewapen nie. Op 'n vraag van 'n offisier oor wat hy sou doen as hy 'n terroris teëkom, het Rev. Celliers geantwoord: "I'll hit him with the Bible."⁴² Kapelane moes noodgedwonge saam met die bevelvoerders ry tydens gevegsoperasies. Ds. Jordaan het getuig dat hy met stilhougeleenthede so gou moontlik probeer het om by die gewone troepe in te skakel en tussen hulle te beweeg. Hier

³⁵ Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos).

³⁶ Onderhoud: I Bredenkamp–RP Jordaan, 3 Junie 2008 (telefonies); Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–A Meiring, 5 Mei 2008. Die amptelike standpunt was dat die insignia van kapelane en die feit dat hulle in kerklike terme aangespreek is, hulle onderskei het van die militêre strukture en 'n oop kommunikasiekanaal na die gewone dienspligtige verseker het.

³⁷ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

³⁸ Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–A Meiring, 5 Mei 2008.

³⁹ Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; R Thornley–I Bredenkamp, 13 Junie 2008 (e-pos).

⁴⁰ Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies).

⁴¹ Onderhoud: I Bredenkamp–F Celliers, 31 Julie 2008 (telefonies).

⁴² *Ibid.*; Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies).

het hy, te midde van operasionele toestande, ’n openheid vir geestelike gesprekke ondervind. Al die respondente het in retrospeksie aangedui dat dit op hiérdie vlak was dat die sin en betekenis van hul bediening gelê het; dat hulle kon ervaar dat hulle geestelik iets vir die troepe beteken het en dat daar ’n tent of kantoor was waar mense, wie se lewens uitmekaar geval het, kon instap en hulp kry. Ds. Jordaan vertel hoedat hy by geleentheid by sy tent gestaan het terwyl die troepe op pad was na die “Flossie” (C130 Hercules-transportvliegtuig), toe ’n troep van die ander weggebreek het en voor hom kom kniel het met die woorde: “Dominee, ek kan nie weggaan voordat ek die Here aangeneem het nie.”⁴³

Dit is dus duidelik dat, soos in alle maatskaplike lewenskringe, daar in ’n militêre opset ook ’n behoefte aan geestelike bediening is, en dat die kapelane van die SAKD, ongeag hul werksomgewing (Leër, Lugmag, Vloot, Geneeskundige Dienskorps) dit as ’n roeping ervaar het om in hierdie behoefte te voorsien. Dit blyk verder dat, ongeag verskille in belewenisse, die SAKD vir hulle die ruimte daarvoor geskep het. Trouens, dr. Mitchell wys daarop dat die SAKD tydens die Namibiese Vryheidsoorlog ’n infrastruktuur in SWA/Namibië geskep het waarbinne swart evangeliste hul geloof kon uitleef – ’n infrastruktuur wat in meer as net die materiële voorsien het; dit was ook ’n emosionele infrastruktuur wat vir baie mense vastigheid gegee het. Toe dit in 1989 onttrek is, het baie se lewenstrukture ook in duie gestort.⁴⁴

3. SAMEWERKING TUSSEN KAPELANE IN DIE SAW

Die SAKD het ’n beleid gevolg waarvolgens een denominasie nie die lidmate van ’n ander denominasie mag afrokkel nie, en voorsiening is sover as moontlik gemaak dat elke troep volgens die geloofsoortuigings geldend binne sy spesifieke denominasie, bedien kon word. Aan die grens het logistieke probleme dit egter onmoontlik gemaak om ’n kapelaan vir elke denominasie beskikbaar te stel, en die bediening was dus interkerklik. Hoewel die meeste kapelane aan die grens aan die drie Afrikaanse susterskerke verbonde was, het ds. Jordaan beklemtoon dat ander denominasies se leraars op ’n gereelde basis opgevlieg is vir bedieningsgeleenthede. Dit word onderskryf deur beide Rev. Williams en Rev. Celliers wat, as gevolg van die tekort aan Metodiste-kapelane, noodgedwonge verskeie kere per jaar grensdiens moes verrig.⁴⁵

Literatuur rondom die SAKD maak gewag van die kollegialiteit en ongekunstelde ekumenisiteit onder kapelane en uit die onderhoude is dit duidelik dat nie

⁴³ Onderhoud: I Bredenkamp–RP Jordaan, 3 Junie 2008 (telefonies).

⁴⁴ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008. Dr. Mitchell verwys hier, onder meer, na die San-bediening.

⁴⁵ Onderhoud: I Bredenkamp–RP Jordaan, 3 Junie 2008 (telefonies); Onderhoud: I Bredenkamp–F Celliers, 31 Julie 2008 (telefonies); Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies). Die drie susterskerke sluit die NG Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Hervormde Kerk in.

een van die respondente op individuele vlak ernstige botsings met ander kapelane ervaar het nie, ten spyte van teologiese klemverskille. Rev. Smit is van mening dat “[t]he cooperation between clergy of different denominations [...] was generally very good. We were all there for the same purpose and worked well as a team.”⁴⁶

Dit blyk ook dat Dienspligkapelane min by kerkpolitiek betrokke was en tydens hulle basiese opleiding reeds goeie verhoudinge binne verskillende kultuur- en taalgroeperinge beleef het. Tydens grensdiens het hulle ervaar dat hulle dikwels op hulself aangewese was. Prof. Venter meld dat hulle egter nooit afgesny of geïsoleerd gevoel het nie.⁴⁷ Basisse in SWA/Namibië het meestal uit diverse etniese en taalgroeperinge bestaan, en plaaslike leraars uit verskillende denominasies was ook betrokke by die bediening van die troepe. Die samewerking was oor die algemeen goed. Dr. Mitchell meld dat kerkdogma nie baie prominent op die grens gefunksioneer het nie, en dat die klem op die algemeen-geestelike geval het.⁴⁸ By Ondangwa het die pastoor van die plaaslike Lutherse Kerk as deeltydse kapelaan opgetree en ook as klankbord vir probleme rondom die Ovambo-troepe gedien. Prof. Boshoff meld dat, hoewel onbedoeld, denominale verskille tog soms sterk na vore getree het. So is 'n kerkgebou by Ondangwa opgerig onder toesig van proff. Boshoff en Venter. By voltooiing het die Lutherse pastoor navraag gedoen oor die uitleg van die liturgiese ruimte. As kapelane uit 'n gereformeerde tradisie, het Boshoff en Venter outomaties aanvaar dat 'n gereformeerde uitleg in orde sou wees.⁴⁹

Ds. Jordaan onderskryf die getuienis uit amptelike dokumente dat die SAKD 'n oopdeur-beleid teenoor alle kerkgenootskappe gevolg het. Hy meld trouens dat die Rooms-Katolieke Kerk heelwat insette gelewer het tydens besluitnemingsprosesse, en dat hy, as deel van die bevelstruktuur, die samewerking tussen kapelane, denominasies en ook in wisselwerking met die kapelaansdiens van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) positief ervaar het.⁵⁰ Tog glo Rev. Williams dat, hoewel op die oppervlak goeie verhoudinge gehandhaaf is, daar tog onderlinge agterdog tussen verskillende denominasies was.⁵¹ Engelssprekende kapelane het trouens ervaar dat geen moeite binne die strukture van die SAKD gedoen is om taalverskille te akkommodeer in, byvoorbeeld, lesingmateriaal nie, en dat Engelse denominasies altyd 'n mate van 'n buitestaanderservaring ten opsigte van die SAKD gehad het. Hulle was van mening dat hulle weinig bygedra het tot die besluitnemingsprosesse.

⁴⁶ DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos).

⁴⁷ Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–R Venter, 6 Mei 2008.

⁴⁸ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

⁴⁹ WS Boshoff–I Bredenkamp 16 Julie 2008 (e-pos); Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–R Venter, 6 Mei 2008.

⁵⁰ Onderhoud: I Bredenkamp–RP Jordaan, 3 Junie 2008 (telefonies).

⁵¹ Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies).

“Of course, at any conference the English-speaking vote was of no real value, simply because of the sheer numbers of ‘dominees’ made up from the NGK, HGK, GK.”⁵²

Teologies was die Afrikaanse kerke baie meer behoudend en konserwatief-gereformeerd in hulle benaderings as die Engelse denominasies. Dr. Mitchell beaam dat, met verwysing na die literatuur wat saamgestel is vir kapelane, die Afrikaanse weergawes meer gereformeerd opgestel is en dat hulle en die Engelse kapelane in ’n groot mate verskillend gedink het.⁵³ Rev. Thornley het reeds tydens sy aanstellingsonderhoud bewus geword van die feit dat “the Dutch Reformed Church ruled”, en vir baie Engelssprekende kapelane was die SAKD sinoniem met die NG Kerk. Die meeste aanstellings by die Kapelaanshoofkantoor was gevolglik ook lede van die NG Kerk.⁵⁴ Engelssprekende kapelane het ook ervaar dat hulle tydens bevorderings oor die hoof gesien is ten gunste van Afrikaanssprekende leraars uit die susterskerke; in die woorde van Rev. Smit: “It certainly appeared that political/cultural affiliations and ideology played a role in the promotion of chaplains.”⁵⁵

Dit is dus duidelik dat, hoewel daar op die oog af goeie verhoudinge binne die SAKD gehandhaaf is, individuele kapelane ervaar het dat diskriminasie ten opsigte van taal- en kultuurvoorkeure bestaan het. Die kompleksiteit van sosio-historiese vormingskragte is hierdeur blootgelê, aangesien hierdie ervaring van Engelssprekende kapelane nou gekoppel is aan die historiese prosesse waardeur die Suid-Afrikaanse samelewing gevorm is.⁵⁶

4. DIE KAPELAANSBEDIENING EN DIE BEGINSSEL VAN ’N REGVERDIGE OORLOG

Die vraag of oorlog binne ’n Christelike konteks geregverdig kan word, word al sedert die tyd van Konstantyn die Grote (vierde eeu n.C.) gedebatteer. In ’n besinning rondom deelname aan oorlog, voer pastoor T Cronjé van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika aan dat God ’n God van vrede is, maar dat, weens die sondeval-gebroke wêreld, God die owerheid ingestel het om wet en orde te handhaaf en aan hom die reg gegee het om die kwaad te bestry en die eie te verdedig. Die soldaat tree daarom as ’n orgaan van die owerheid op; egter slegs as dienaar

⁵² Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; R Thornley–I Bredenkamp, 13 Junie 2008 (e-pos). Die afkortings verwys na die drie Afrikaanse susterskerke.

⁵³ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

⁵⁴ Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; R Thornley–I Bredenkamp, 13 Junie 2008 (e-pos).

⁵⁵ DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos). Ds. Jordaan wys daarop dat bevorderings nou saamgehang het met die feit dat die oorgrote meerderheid troepe Afrikaanssprekend was, en die feit dat ongeveer 70% van die SAKD gevolglik uit Afrikaanssprekende kapelane bestaan het. Onderhoud: I Bredenkamp–RP Jordaan, 12 September 2008 (telefonies).

⁵⁶ Hierdie onderwerp regverdig ’n selfstandige studie en daarom word daar nie in hierdie artikel verder daarop ingegaan nie.

van God en nooit met haat nie.⁵⁷ Ds. Jordaan se standpunt rondom die regverdiging van die Namibiese Vryheidsoorlog sluit ten nouste by pastoor Cronjé se besinning aan, en verteenwoordig die amptelike standpunt van die SAKD: Suid-Afrika het die reg om homself te verdedig teen 'n kommunisties-ideologiese aanslag, wat insluit die bedreiging van Russiese en Kubaanse soldate in Angola en die Koue Oorlogstryd om invloedsfere in Afrika. In wese was die Namibiese Vryheidsoorlog dus 'n defensiewe oorlog, hoewel soms offensief in Angola opgetree moes word om defensiewe doelwitte te bereik. Ds. Jordaan vergelyk die South West Africa People's Organization (SWAPO)-insurgente met 'n seuntjie wat die bure koggel en dan in sy eie erf skuiling soek sodra teen hom opgetree word.⁵⁸

Die meeste van die respondente het die oorlog binne hierdie konteks gesien. Rev. Smit is uitgesproke: "There is such a thing as a just war [...] Whether or not one agreed with all the government policies at the time, the fact remained that we dared not throw open our borders to all and sundry, to come as they pleased and cause untold havoc. I could justify the Border War on this basis."⁵⁹ Dr. Mitchell se standpunt is: "Ek dink vir die tyd waarin die oorlog geveg is, kan 'n mens sê dit was 'n regverdigte oorlog vanweë sekere goed wat destyds in plek was. Daar het baie, baie dinge verander sedert die oorlog gestaak is."⁶⁰ Prof. Boshoff het geen twyfel nie dat die Namibiese Vryheidsoorlog in die volste sin van die woord 'n oorlog was waarin twee magte teenoor mekaar te staan gekom het, elkeen ideologies oortuig dat wat hy doen reg is. Hy regverdig die oorlog in die lig van die historiese verwickelinge in Afrika tydens die dekoloniseringsproses, en Suid-Afrika se verantwoordelikheid teenoor SWA as 'n mandaatgebied van die Volkebond, soos herbevestig deur die Wêreldhof in Den Haag.⁶¹ Dr. Van der Watt stel dit soos volg: "Daar was waarskynlik by baie ook 'n gevoel dat dit dalk nou maar die plek was waarna die Here ons roep om 'n bydrae te maak. Mettertyd het dit by my ook al hoe meer die deurslag begin gee, [...] ek dink hulle was opreg dat hul besig was met 'n groot saak; dat hulle diensbaar aan 'n geregverdigte oorlog was. In die groot politiek moes mens onthou, die Berlynse Muur het eers later geval. Daar was inderdaad 'n klomp Kubane, Russe, Oos-Duitsers betrokke; daar was waarskynlik die spel om invloed in Afrika; om Suid-Afrika oor te neem."⁶²

Dit beteken nie dat die respondente oorlog *per sé* goedpraat nie en, soos Rev. Smit sê, "the racial hatred and disrespect for human dignity that was displayed in different situations [...] was and still is totally unacceptable".⁶³ Dr. Mitchell stel

⁵⁷ T Cronjé, "Wagters op ons grense" in *Paratus* 33(4), April 1982, p. 76.

⁵⁸ Onderhoud: I Bredenkamp–RP Jordaan, 3 Junie 2008 (telefonies).

⁵⁹ DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos).

⁶⁰ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

⁶¹ WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos).

⁶² Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008.

⁶³ DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos).

dit duidelik dat oorlog teen die sesde gebod is en nooit goedgepraat kan word nie – dit bly ’n tragedie. “’n Groter tragedie was wanneer ’n terroris gedood is en hy ’n Nuwe Testament in die boonste sak van sy uniform gehad het. Dit het die oorlog baie vreemd gemaak dat ook Christen teenoor Christen te staan gekom het. [...] Jy het vir jouself uitgeklaar [...] dat kommunisme ’n wesenlike probleem was. Dit was vreemd dat ook mense wat aan kerke behoort het, lede van die Kommunistiese Party was. En dit is wat die oorlog in elk geval verwarrend gemaak het.”⁶⁴ Ook Rev. Williams wys daarop dat die vraagstuk van kommunisme nie so eenvoudig was nie, en hy verwys na Mosambiek as ’n voorbeeld waar die kerk onder ’n kommunistiese bewind gegroei het.⁶⁵ Prof. Boshoff lig die problematiek van oorlog uit wanneer hy vertel hoedat ’n SWAPO-gevangene, met hulle terugkeer by die basis, iemand uit sy eie dorpie herken en hulle mekaar soos ou vriende gegroet en uitgevra het oor familie en bekendes. Tydens ’n latere gesprek met hom, het Boshoff besef hoe min die SWAPO-vegter van die Suid-Afrikaanse troepe verskil het. “Dit befoeter die ideologiese afstand wat jy vir jouself formuleer en in stand hou.” Hy verwys ook na die feit dat, hoewel oorlog nie goedgepraat kan word nie, “dit nie die soldate [is] wat die oorlog teweeg bring nie; dit is ’n politieke daad. Wanneer daar dan oorlog is, blyk sommige mense dapper te wees en dit is vir my ’n voorreg om saam met sulke mense te werk en pastoraal met hulle om te gaan.” Hy meld ook dat informele gesprekke by die kroeg of tydens etes dikwels oor die etiek van oorlog gehandel het, hoewel daar nie altyd eenstemmigheid rondom die gevolgtrekkings was nie.⁶⁶

Prof. Venter vertel dat hy destyds nie abstrak oor oorlog gefilosofeer het nie, en intuïtief aanvaar het dat oorlog by geleentheid regverdig was. Die dehumaniserende kant van oorlog het gemaak dat hy vandag minder naïef daarna kyk en die Namibiese Vryheidsoorlog as sinneloos ervaar.⁶⁷ Mettertyd het ook dr. Van der Watt gevoel dat hy die oorlog al minder kon regverdig: “Veral [...] die ding van: is dit die moeite werd dat jou kinders se lewens opgeoffer word; waarvoor rêrig, en daar was ’n toenemende onvermoë om dit te verduidelik.”⁶⁸

Rev. Thornley wys daarop dat Engelssprekendes geensins die algemeen-geldende konsep van “’n Rooi Gevaar” onderskryf het nie. Hulle het trouens ervaar dat Engelse kerke en universiteite met agterdog hanteer is, en dat alle kritiek teen die regering as “kommunisties” afgemaak is in die lig van die “totale aanslag”-denkkrigtings. Laasgenoemde het sy ontstaan te danke gehad aan Sowjet-Rusland se ondersteuning van die antiwesterse sentimente in die swart bevrydingsbewegings van Afrika. Rev. Thornley meld: “I had no idea how serious these things were

⁶⁴ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

⁶⁵ Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies).

⁶⁶ WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos).

⁶⁷ Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–R Venter, 6 Mei 2008.

⁶⁸ Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008.

in the minds of those senior chaplains [...] I had studied at Rhodes University, Grahamstown, and was a Methodist; so I didn't stand a chance.”⁶⁹ Onder leiding van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, het die Engelse kerkgenootskappe geeis dat die militêre stryd beeindig word en dat die SAW, as 'n besettingsmag, uit SWA/Namibië onttrek word. Binne die sosio-historiese konteks van die bepaalde tydsgewrig was hierdie siening ook nou gekoppel aan die interpretasie van 'n regverdige oorlog, hoewel op 'n ander vlak as die suiwer Koue Oorlog-ideologieë. Dit het in die teken van die dekolonialisasie en swart bewussynsbewegings van Afrika gestaan, die gepaardgaande bevrydingstryd (ook in SWA/Namibië) en kritiek teen die staatsbestel van apartheid.⁷⁰ Die voorstanders en kritici van die Namibiese Vryheidsoorlog het dus in 'n groot mate op verskillende vlakke by mekaar verby beweeg. Die kompleksiteit van die regverdiging (al dan nie) van oorlog, en spesifiek van die Namibiese Vryheidsoorlog, word deur Rev. Smit toegelig: “Our human political stance can easily influence our ‘just-ness’ of a war.”⁷¹

5. KERK EN STAAT

Die vraagstuk van kerk en staat, en of kapelane as lakeie van die destydse apartheidsbestel opgetree het, is kompleks verweef met die sosio-politieke sentimente van die dag en die hele vraagstuk van 'n regverdige oorlog. Rev. Thornley wys daarop dat Engelssprekendes tradisioneel in 'n liberale tradisie opgegroeï het en dat Engelse kerkgenootskappe se lidmaatskap altyd oop was vir alle rassegroepe. In solidariteit met hulle swart lidmate, het hulle hul ook sterk uitgespreek teen apartheid. Dit het uiteindelik gelei tot 'n eis dat die kapelaansbediening gedemilitariseer moet word omdat geargumenteer is dat kapelane, deur hul verbintenis met die SAW, legitimiteit aan die regeringsbeleid van apartheid verleen.⁷² Rev. Williams onthou hoedat hulle tydens sinodesittings dikwels deur apartheidsaktiviste uitgesonder is vir kritiek, en dat daar 'n besliste kloof in die Engelse denominasies rondom kapelane was: “Some got very personal and insulting, while others did all in their power to defend us.”⁷³ Op voetsoolvlak blyk duidelik dat, ten spyte van kritiek, Engelssprekende kapelane dit werklik as 'n roeping ervaar het om die troepe in uniform te bedien, hoewel dit hoegenaamd nie beteken het dat hulle die staatsbeleid onderskryf het nie. Rev. Smit stel dit soos volg: “I was aware of the political sentiments of the day in the military. However, when I proclaimed the Gospel of Jesus Christ, I applied it equally

⁶⁹ Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; R Thornley–I Bredenkamp, 13 Junie 2008 (e-pos).

⁷⁰ Sien Wessels en Bredenkamp, pp. 339-342, *supra*.

⁷¹ DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos).

⁷² Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; R Thornley–I Bredenkamp, 13 Junie 2008 (e-pos).

⁷³ Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies).

to all aspects of life. [...] I did not allow their political sentiments to prevent me from functioning fully as a chaplain.”⁷⁴ Ook Rev. Thornley was uitgesproke in sy teenkanting teen die sing van *Die Stem* tydens eredienste as gevolg van die politieke konnotasie, en sy beswaar is deur die destydse Kapelaan-Generaal gehandhaaf.⁷⁵

Hoewel die meeste Afrikaanssprekende kapelane se sienings gegrond was in die Christelik-nasionale etiek van die betrokke tydsgewrig, was die liberale interpretasie van volkereverhoudinge nie noodwendig in lyn met taalgroeperinge nie. Dr. Van der Watt het tydens sy kinderjare op die plaas noue kontak met swart mense as vriende gehad en tydens sy studiejare te Stellenbosch sterk onder die invloed van kritiese denkers soos Sampie Terreblanche, Willie Esterhuizen en Willie Jonker gekom. Gaandeweg het hy homself al meer ontuis gevoel in ’n Christelik-nasionale opset. Hy meen dat daar tydens basiese opleiding duidelike pogings was om kapelane op ’n bepaalde manier te laat dink, “maar ek dink rêrig mens kon dwarsdeur dit sien [...] ek het my dikwels erg vervies”. Hierdie irritasie het later sterker na vore getree rondom militêre gebruike. “Jy het gevoel jy loop partymaal soos ’n ou skoothondjie agter die bevelvoerder aan [...] Ek weet nie of dit ’n poging was om te sê, kerk en staat vat hande; sien God is aan ons kant [...] Dit het my geïrriteer.”⁷⁶

Tog het al die respondente verklaar dat hulle nooit ervaar het dat hulle ’n regeringslakei was of ’n bepaalde politieke beeld moes verdedig of uitbou nie. Prof. Boshoff meld dat hy aan die grens ruimte en erkenning gekry het vir sy bediening as predikant, maar hy het “geen politieke druk, voorskrif, of selfs voorkeur in die eenheid beleef nie”. Hy verwys na groepe wat die grens besoek het en, ten spyte van die feit dat sommige sterk gekant was teen die oorlogspoging, waardering uitgespreek het vir die geestelike werk wat gedoen is. Hy erken dat die drie Afrikaanse susterskerke die staat soms kritiekloos ondersteun het, maar vir hom het politieke inmenging op ’n ander vlak as die verdediging van apartheid gelê. Hy het dikwels die frustrasies beleef van soldate wat met ’n militêre operasie besig was en dan, op grond van politieke besluite, moes terugtrek.⁷⁷

Dr. Mitchell meen dat jongmense destyds nie baie keuses gehad het anders as om die staatsbestel te ondersteun nie. Hyself is nooit geïntimideer ten opsigte van die apartheidsgedagte nie. Vir hom was sy geestelike werk voorop: “Ek het my eie sienings oor goed gehad. Ek het my geestelike werk kom doen.”⁷⁸ Ds. Meiring meld dat dit gekompliseerde tye was, maar dat hy nooit gevoel het dat hy gemanipuleer word, óf dat aan hom gedikteer is ten opsigte van sy standpunte nie. Hy sou trouens

⁷⁴ DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos).

⁷⁵ Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; R Thornley–I Bredenkamp, 13 Junie 2008 (e-pos).

⁷⁶ Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008.

⁷⁷ WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos).

⁷⁸ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

erg ongemaklik gewees het met 'n bestel waarbinne 'n politieke party kapelane misbruik het om hul leerstellings te verkondig.⁷⁹

Die invloed van sosio-politieke onderstrominge op die kompleksiteit van histories-religieuse belewenisse tydens die Namibiese Vryheidsoorlog word aange-
toon wanneer ds. Meiring en proff. Venter en Boshoff verklaar dat, hoewel hulle
nie enige gewetensbesware tydens hulle bediening aan die grens ervaar het nie, die
situasie aansienlik verander het met kapelane se betrokkenheid by die noodtoestand
en onlusbeheer aan die tuisfront. Trouens, prof. Boshoff verklaar dat hy dankbaar
was dat hy eerder aan die grens diens gedoen het waar die slagordes teenoor mekaar
opgestel was.⁸⁰

Twee aspekte wat bygedra het tot die kompleksiteit van die vraagstuk van
kerk en staat is dié van die End Conscription Campaign (ECC) en die SAW se
gemeenskapsgebaseerde Kommunikasie-operasies (KOMOPS).⁸¹ Prof. Boshoff
het nie die amptelike, afwysende siening rondom die ECC ondersteun nie, omdat
pasifisme 'n sterk Christelike ondertoon het. Tog meld beide ds. Jordaan en Rev.
Williams dat die ECC ook misbruik is, en dat hulle met persone te doen gekry het
wat slegs diensplig wou vryspring, en wat nie enige gewetensbesware teen óf oorlog
in die algemeen óf die Namibiese Vryheidsoorlog in besonder gehad het nie.⁸² Beide
Rev. Williams en prof. Boshoff spreek hulle ten sterkste uit teen die werksaamhede
van KOMOPS en kapelane se betrokkenheid daarby. Prof. Boshoff ondersteun dr.
Van der Watt se siening dat dit nie suksesvol was nie, aangesien die meeste Ovambo-
soldate van 101 Battaljon later vir SWAPO gestem het.⁸³ Uiteindelik verwoord Rev.
Smit baie kapelane se siening ten opsigte van hul betrokkenheid by staatsbeleid:
“The justification that was offered for conscription was the security of our country.
On the other hand the ECC was said to be ‘communistically’ inspired. With political
agendas on both sides of the political divide at the time, I simply needed to minister
to the conscripts caught in the middle.”⁸⁴

6. KAPELANE EN OORLOGSTRAUMA

Wanneer die vraagstuk van oorlogstrauma aangespreek word, is dit duidelik dat daar
twee kante van die munt is. Prof. Venter wys daarop dat oorlogstrauma en grensdiens

⁷⁹ Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–A Meiring, 5 Mei 2008.

⁸⁰ *Ibid.*; Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–R Venter, 6 Mei 2008; WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos).

⁸¹ Beide hierdie aspekte leen hulle tot selfstandige studies en daarom word daar nie in hierdie artikel verder daarop ingegaan nie.

⁸² WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos); Onderhoud: I Bredenkamp–RP Jordaan, 3 Junie 2008 (telefonies); Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies).

⁸³ Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies); WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos); Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008.

⁸⁴ DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos).

nie noodwendig sinoniem was nie. Hy het ervaar dat grensdiens vir baie 'n avontuur was, en dat die troepe omgekrap was as hulle nie saam met die Casspits kon uitgaan nie.⁸⁵ Ook dr. Van der Watt beskryf sy latere grensdienskampe in die Caprivi as 'n massiewe vermorsing van geld, waar troepe tyd verwyd het deur tiervisse op die Zambezi te vang en wonderlike etes te eet: "Dit het vir my gevoel hierdie is een helse jol."⁸⁶

Ds. Jordaan onderskryf ook die feit dat baie troepe grensdiens as 'n avontuur beleef het, maar lig ook die ander kant toe waar troepe dood of verminking in die gesig gestaar het, en waar die kapelaan ernstige berading moes doen omdat daar geen maatskaplike werker of sielkundige teenwoordig was nie.⁸⁷ Hierin word hy deur beide prof. Boshoff, wat vir 20 maande deel was van die daaglikse funksionering van 'n operasionele eenheid, en Rev. Smit ondersteun. Laasgenoemde getuig: "I saw the suffering of National Servicemen and I saw the suffering of insurgents when they were caught. Trauma in the operational area can be devastating. I also saw the suffering of members of the command structure who were accused of fighting to bolster a political ideal."⁸⁸ Vir die meeste respondente was die oordra van die doodstydning van 'n soldaat 'n uiters traumatiese ervaring, hoewel dr. Mitchell dit as deel van 'n predikant se bediening beskou.⁸⁹ Dr. Van der Watt meld dat ouers dikwels met uitbarstings gereageer het, wat vererger is deur eie wroeging en 'n toenemende onvermoë om die oorlog te verduidelik.⁹⁰

Uit die gesprekvoering was dit duidelik dat trauma dikwels op ander vlakke as dié van kontaksituasies, verminking en dood gelê het. Dr. Mitchell noem byvoorbeeld die omstandighede aan die grens waar jong adolessente met abnormale situasies gekonfronteer is, die afgesonderdheid van sommige basisse, en die spanning wat tussen individue kon ontstaan. Hy verwys ook na die dinamika van 'n emosionele oorlog wat in onsekerheid en vrees ingebed was.⁹¹ Daarbenewens het lang tye van afwesigheid van die huis tot huweliksprobleme en gepaardgaande gesinsverbrotting geleë. Ds. Meiring het byvoorbeeld Staandemagde van Ondangwa saamgeneem as hy een keer per week leesstof of videos gaan omruil het, sodat hulle hul gesinne telefonies kon kontak.⁹² Dr. Van der Watt verwys ook na die aggressie wat grensdiens soms ontlok het, en wat dan in gesinsgeweld uitbarsting gevind het; en dat sommige offisiere wat gewoon was aan 'n sisteem van bevele gee, by die huis dienooreenkomstig opgetree het.⁹³

⁸⁵ Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–R Venter, 6 Mei 2008.

⁸⁶ Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008.

⁸⁷ Onderhoud: I Bredenkamp–RP Jordaan, 3 Junie 2008 (telefonies).

⁸⁸ WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos); DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos).

⁸⁹ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

⁹⁰ Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008.

⁹¹ Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

⁹² Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–A Meiring, 5 Mei 2008.

⁹³ Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008.

Kapelane moes dikwels trauma op 'n meer subtieler vlak in die SAW aanspreek. Daar was geleenthede van verbale mishandeling en fisiese uitbuiting waarby kapelane soms moes ingryp en grense stel. Prof. Venter verwys na 'n geleentheid waartydens hy kapsie gemaak het teen die behandeling van twee persone wat tydens 'n diefstal betrap is.⁹⁴ Rev. Williams meld dat hy, na die dood van 'n troep aan fisiese uitputting, saam met die troepe begin oefen het om 'n herhaling te probeer verhoed.⁹⁵ Rev. Thornley verwys ook na 'n ander vlak van trauma wat hy tydens sy bediening teëgekomp het en moes aanspreek, naamlik dié van ouers en families wie se seuns opgeroep is vir grensdiens.⁹⁶

Ten opsigte van die eie lewensomstandighede waar met min geriewe klaargekom moes word, getuig ds. Jordaan dat 'n mens gou aan die harde leefwyse gewoond geraak het.⁹⁷ Berading vir die kapelane self, het gelê in die struktuur van die SAKD, waar met 'n hoër rang geskakel kon word. Tydens grensdiens was kollegas dikwels 'n klankbord vir mekaar in die verwerking van trauma. In die woorde van Rev. Williams: “You cope while you're in it.”⁹⁸ Beide hy en prof. Boshoff verwys daarna dat hulle die effek van trauma, enersyds op hulself en andersyds in die gemeenskap, eers jare na afloop van hul grensbediening ervaar het.⁹⁹

Al die respondente het verwys na die onverwerkte trauma wat waarskynlik nog steeds in die burgerlike samelewing opgesluit lê en aanleiding kan gee tot maatskaplike en pastorale probleme; 'n trauma wat subtiel na binne op die lange duur 'n meer vernietigende effek het. Deels is dit die gevolg van 'n macho-kultuur, die sisteem van “man-wees”, “jy-praat-nie-daaroor-nie”, “jy-wys-nie-as-jy-bang-is-nie”; en deels word dit toegeskryf aan 'n jarelange stilswye rondom die oorlog en die feit dat dit nie “politiek-korrekt” is om erkenning te kry vir opofferings wat gebring is nie. Prof. Venter erken dat Dienspligkapelane nie opgelei was om die tekens van psigologiese spanning in troepe en offisiere raak te sien nie. Hy wys ook op die eties-morele kwessie van die verdeling van etniese groepe in SWA/Namibië, waar Ovambo byvoorbeeld teen Ovambo geveg het.¹⁰⁰ Duidelik lê die Namibiese Vryheidsoorlog se oorlogstrauma op verskillende vlakke en is die laaste woord hieroor nog lank nie gespreek nie; dit kan latent aanwesig wees om, jare ná die vredesluiting, steeds die Suid-Afrikaanse en Namibiese sosiaal-historiese ontwikkelinge te beïnvloed.

⁹⁴ Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–R Venter, 6 Mei 2008.

⁹⁵ Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies).

⁹⁶ Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008.

⁹⁷ Onderhoud: I Bredenkamp–RP Jordaan, 3 Junie 2008 (telefonies).

⁹⁸ Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies).

⁹⁹ *Ibid.*; WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos).

¹⁰⁰ Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–R Venter, 6 Mei 2008.

7. 'N TERUGBLIK, 1966-1989

'n Besinning oor die Namibiese Vryheidsoorlog kan nie anders nie as om die volgende vrae in te sluit: was dit die moeite werd; het daar iets goeds uit hierdie oorlog na vore gekom? Die meeste respondente het hierdie vrae in terme van twee lewenskringe beantwoord; eerstens ten opsigte van hulle eie, persoonlike belewenisse, en tweedens gesien in die breër raamwerk van die Suid-Afrikaanse opset.

Terugskouend lê die sin van die oorlog vir ds. Jordaan in die bediening wat hy kon bring en die wonderwerke wat hy as gelowige kon beleef. Hy vertel van 'n soldaat wat ernstige hoofbeserings tydens 'n mortierongeluk aan die grens opgedoen het en oorgeplaas is na 1 Militêre Hospitaal te Pretoria. Hy het die kompanie bymekaar geroep vir 'n voorbiddingsgeleentheid en versoek dat dié wat nie in gebedsgenesing glo nie, hulle moet onttrek. Twee weke later het hy die beseerde soldaat besoek wat steeds bewusteloos was. Toe hy sy naam noem, het hy egter sy oë oopgemaak. Na twee maande is hy ontslaan, en ongeveer drie jaar later het hy ds. Jordaan by Voortrekkerhoogte besoek om sy vrou en baba voor te stel. Tydens oorgrensoperasies het ds. Jordaan ook beleef hoedat troepe sonder 'n skrapie uit moeilike gevegsituasies gekom het. Hierdie ervarings, en die terugkeer van soldate by 'n latere geleentheid met die belydenis dat hulle tot bekering gekom het tydens hulle dienspligjare, het die kapelaansbediening en grensdiens van die vrugbaarste en wonderlikste tye in sy bediening gemaak. In die breër raamwerk, sien ds. Jordaan die Namibiese Vryheidsoorlog as 'n geleentheid wat oorlogsomstandighede uit Suid-Afrika self geweier het, en tyd gekoop het totdat die omstandighede ryp was vir onderhandelinge met die African National Congress (ANC) rondom 'n vreedsame oorgang na 'n demokratiese bestel. Hy wys ook daarop dat die SAW tydens die Namibiese Vryheidsoorlog sy tyd ver vooruit was, naamlik as die eerste organisasie waar verskillende rassegroepe ten volle geïntegreerd was.¹⁰¹

Ook prof. Venter voel dat die oorlog tyd gekoop het vir die vredes pogings in breër verband, en gehelp het om SWAPO op die diplomatieke front te temper. Grensdiens het twee jaar uit sy lewe geneem, maar hy sien dit as 'n tydperk van verryking, waarin hy lewenservaring opgedoen en vaardighede aangeleer het wat hy later in sy lewe kon toepas. Hieronder tel kruiskulturele bediening en praktiese bestuur. Retrospektief oor sy rol as Dienspligkapelaan, erken hy dat hy dalk nie radikaal-krities genoeg was nie, maar in die kompleksiteit van die destydse histories-sosiale strominge het min jeugdige besin oor 'n groter afstand tussen kerk en staat. Elkeen wou diensplig verby kry en aangaan met die lewe. Hy het egter nooit gevoel dat hy sy beginsels verkrag het nie, en hy is nie skaam oor sy bydrae as kapelaan nie. Hy meld ook dat hy respek het

¹⁰¹ Onderhoud: I Bredenkamp–RP Jordaan, 3 Junie 2008 (telefonies).

vir die feit dat die Kapelaan-Generaal wat tydens sy dienspligperiode gedien het, 'n pastorale hart gehad en dit binne die SAKD uitgeleef het.¹⁰²

Ds. Meiring sluit hierby aan wanneer hy meld dat, in retrospeksie, min mense alles geweet of verstaan het. Hoewel hyself nooit kontaksituasies ervaar het nie, besef hy tog dat baie oud-SAW-lede met letsels rondloop. Terugskouend sien hy die Namibiese Vryheidsoorlog as 'n geleentheid waartydens die kerk die evangelie van Christus aan mense kon bring. Hyself het oor 'n wye spektrum heen mense-ervaring opgedoen, vaardighede aangeleer en leierseienskappe ontwikkel. Met dank en erkenning aan die Here, is hy trots op die aandeel wat hy gehad het in die getuienis van baie jong mans dat hulle in die Weermag vir die eerste keer met Christus gekonfronteer is.¹⁰³

Dr. Mitchell meen dat die oorlog nie aan militêre suksesse gemeet moet word nie, want dan gaan 'n mens uitkom by die onnodige verlies van kinders en die verbrokkeling van families. Hyself kon ontdekkings rondom homself, ander denominasies en sy eie kerk maak, wat hom baie keer verras het. Hy het kerkmense gehoor wat God gevloek het, maar ook 'n geestelike diepte in mense ontdek van wie hy dit nie verwag het nie. As mens het hy die geleentheid gekry om lewenservaring op te doen wat hy later in sy bediening kon toepas. Hy is blootgestel aan plekke waar hy andersins waarskynlik nooit sou gekom het nie. Daarbenewens kon hy die evangelie bedien aan brose en blootgestelde mense, en dit het alles die moeite werd gemaak. Terugskouend het die oorlog aan baie jongmense selfstandigheid geleer en van hulle hardwerkende en betroubare mense in die breër samelewingsverband gemaak. Dit het egter ook ander omtrent en hulle van hul jeug beroof. Op politieke gebied het die oorlog waarskynlik burgeroorlog in Suid-Afrika afgeweer en gelei tot onderhandelinge. Dit het eweneens gekeer dat die kommunistiese stempel op Suid-Afrika afgedruk is.¹⁰⁴

Vir prof. Boshoff is die oorlog 'n produk van 'n era wat vir verskillende mense verskillende dinge beteken. Hy sien sy bedieningstydperk as een aan mense in spesifieke omstandighede en daarom ook as 'n verrykende ervaring. Hy het baie te doen gekry met 'n spesifieke subkultuur in die SAW en verruil dit vir niks nie. Indien die situasie hom herhaal, sou hy weer bereid wees om as kapelaan binne so 'n operasionele eenheid op te tree. Die operasionele ervarings staan vir hom uit. Hoewel hy nooit self by gevegte betrokke was nie, het hy iets ervaar van die opwinding gekoppel aan gevaar en die jagtersinstink, en verstaan hy beter waarom sommige mense professionele soldate word. "Ek was lid van 'n baie trotse eenheid, wat beslis nie sonder foute was nie. Ek het gevind dis gewone mense in ongewone omstandighede. By terugskoue is ek trots op wat die eenheid militêr bereik het en

102 Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–R Venter, 6 Mei 2008.

103 Onderhoud: A Wessels en I Bredenkamp–A Meiring, 5 Mei 2008.

104 Onderhoud: I Bredenkamp–C Mitchell, 9 Mei 2008.

ek dink in terme van wat hulle veronderstel was om te doen, het hulle dit goed gedoen. In terme van die groter geskiedenis vra ek my dikwels af wat die sin daarvan was, maar dit is met die voordeel van terugskoue en historiese perspektief.” Hy meld dat die wêreld se veiligste landmynbestande voertuie, wat tans (2008) in Afghanistan en Irak ontplooi word, ontwikkel is as ’n direkte gevolg van die Namibiese Vryheidsoorlog. In die breër samelewingsverband, sien prof. Boshoff die voordeel van lewenservaring en selfkennis by baie jong soldate. Die teenkant is die sielkundige letsels wat in die aanloop tot 1994 al dieper weggesteek is, omdat dit polities al minder aanvaarbaar was om dit te openbaar. Sy slotsom: “Oorloë los niks op nie; oplossings kom deur gesprek, gewoonlik in ’n stadium wanneer almal te veel verloor het en nie bereid is om nog een verlies te ly nie.”¹⁰⁵

Retrospektief gesien, sê Rev. Celliers: “There is no just war; it’s a misnomer. War brings out the worst in the human being.” Hy vertel van ’n oomblik wat vir hom uitgestaan het. Hy het in die hospitaal by Ondangwa gestaan, terwyl dokters geveg het vir die lewe van ’n swart soldaat. Buite het hy die destydse landsvlag sien wapper en gewonder of alles die moeite werd was. Die soldaat het gesterf en hy het ’n gevoel van nihilisme ervaar: “It’s so pointless; it doesn’t make sense; young lives are destroyed.” Tog kon hy, in besinning oor sy taak as kapelaan, sê: “Yet it was precious to be allowed into the intimate moments of people’s lives. It is precious and sticks with you when a soldier, shaking with fear, can be calmed down. I don’t regret those days whatsoever. I wouldn’t have missed it for anything. I do not want it over, but the opportunities were precious.”¹⁰⁶

Dr. Van der Watt het sy bediening by Okahandja beleef as “’n heerlike [...] eksperiment in volkeverhoudinge; en dit was ’n soort sendinggeleentheid, want hier sit ’n klomp ouens wat nog nooit van die Woord van die Here gehoor het nie”. Hy het dit as ’n leerskool op pastorale gebied, en ’n interessante kennismaking met die verskillende etniese groeperinge van SWA/Namibië ervaar; ’n tydperk waartydens hy dinge beleef het wat hy andersins waarskynlik nooit sou ervaar het nie. Tog was dit vir hom ook ’n tydperk van vervreemding, omdat hy nie ingepas het by kapelaanskollegas wat dit geniet het om in die Casspirs te ry, te skiet en buite in die veld tussen die manne te wees nie. In ’n breër perspektief, en in die lig van die Koue Oorlog, glo hy ruimte is geskep en tyd is gekoop om rustiger oor SWA/Namibië se toekoms te besluit. Tog voel hy dat die politici die burgery bedrieg het, en by terugskoue verstaan hy die debat rondom “Boetman is die bliksem in.”¹⁰⁷

Rev. Thornley merk ten opsigte van die kapelaansbediening op: “Once left alone, I believe we did a reasonable job.” Hoewel nooit direk betrokke by die grenssituasie

¹⁰⁵ WS Boshoff–I Bredenkamp, 16 Julie 2008 (e-pos).

¹⁰⁶ Onderhoud: I Bredenkamp–F Celliers, 31 Julie 2008 (telefonies).

¹⁰⁷ Onderhoud: I Bredenkamp–G van der Watt, 15 Mei 2008. Die debat is gevoer rondom die vraagstuk of soldate tydens die Namibiese Vryheidsoorlog deur politici uitverkoop is.

nie, het hy heelwat tyd ter see deurgebring en verskeie lande en plekke besoek, en hy beskou sy bedieningstydperk as 'n verrykende ervaring. "I must add that I met some very fine Afrikaans chaplains and we certainly became good friends."¹⁰⁸

Rev. Williams het baie gevegstrauma beleef. Hy meld dat jy nooit die reuk van verbrande liggame vergeet of ervarings soos om die Ratel-infanteriegevegsvoertuig skoon te maak nadat 'n landmyn afgetrap is nie, en hy is van mening dat juis die kapelaansdiens se pastorale bediening mense gehelp het om deur hierdie traumatiese ervarings te kom. Wat vir hom van sy bedieningsjare uitstaan, is die integriteit en professionaliteit van baie bevelvoerders. "I learned to value people with integrity despite circumstances, who honestly dealt with life and were concerned over others."¹⁰⁹

Rev. Smit vertel: "The 17 years I served in the Military Chaplaincy were for me the most meaningful years in Ministry. For it's especially in this world of military hardware and strategy that the human spirit needs to be kept in touch with its spiritual origins, namely Jesus Christ. Without this connection all sense of our basic humanity can be lost. [...] The Chaplain Services offered Hope during the Border War, as the Christian Church offered Hope during any other war." Hoewel hy krities is oor die invloed wat militêre strukture op die bediening kon gehad het, lê die sin van sy bediening vir hom in "the ministry in the name of Christ I was able to offer, especially to people under the stress caused by the effects of war and its devastation".¹¹⁰

8. SLOTSOM

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die diversiteit van kapelane se persoonlikhede, oortuigings en taakverrigtinge, vereis dat 'n historiese interpretasie van die kapelaansbediening tydens die Namibiese Vryheidsoorlog ruimte moet laat vir 'n wye verskeidenheid interpretasies wat soms lynreg teenoor die formeel-gedokumenteerde weergawe van gebeure te staan kom. Samevattend kan gesê word dat die kapelaansbediening binne 'n militêre opset wel 'n verskil in die lewe van 'n soldaat kan en wil maak, en dat kapelane van die SAKD dit as hul hoogste roeping gesien het om die liefde en genade van God aan die soldaat tydens die Namibiese Vryheidsoorlog te bring.

In die lig van die talle publikasies en televisiereekse wat tans (2008) in verband met die Namibiese Vryheidsoorlog die lig sien, is dit eweneens duidelik dat die laaste woord oor hierdie omstrede konflik nog geensins gespreek is nie. Vir die historikus stel dit die uitdaging om deur 'n historiese begrip van hierdie komplekse Suid-Afrikaanse tydsgewrig so onbevooroordeeld as moontlik 'n vertolking van die verlede te gee, sonder om in die strik te val van 'n regverdiging van die konflik óf 'n

¹⁰⁸ Onderhoud: A Wessels–R Thornley, 12 Maart 2008; R Thornley–I Bredenkamp, 13 Junie 2008 (e-pos).

¹⁰⁹ Onderhoud: I Bredenkamp–DM Williams, 11 Augustus 2008 (telefonies).

¹¹⁰ DA Smit–I Bredenkamp, 17 Julie 2008 (e-pos).

“polities-korrekte” weergawe van die gebeure. Hopelik sal toekomstige gesprekke met kapelane en ander deelnemers aan die Namibiese Vryheidsoorlog nog gevoer word, ten einde aan soveel mense moontlik ’n stem te gee. Meer nog: mag hierdie mondelinge geskiedenis nie alleen die aard en omvang van die konflik belig nie, maar ook die geestelike en sielkundige gevolge wat dit op die militêre deelnemers, die burgerlike inwoners van SWA/Namibië en op diegene aan die tuisfront in Suid-Afrika gehad het, verder blootlê. Só kan ’n beter begrip van die gebeure wat in die jare 1966 tot 1989 in Suider-Afrika aangespeel het, gekweek word.